UITGAWE 7
OKTOBER/NOVEMBER 2019

DNAMIC NUUS

Read in English E

Van die Besturende Direkteur

Daar is al baie oor voedselsekerheid gesê en geskryf, maar watter doeltreffende strategieë is al ingestel?

Die wêreldbevolking sal na verwagting teen 2050 nege miljard mense bereik. Voedselproduksie, veral proteïene, sal binne die volgende 31 jaar moet verdubbel. Die huidige voedselproduksie situasie in Suid-Afrika is egter net besig om te vererger:

- **53% van Suid-Afrikaners het nie voedselsekerheid nie.**
- **32% van ons land se kinders gaan op 'n leë maag skool toe.**
- **Byna 40% van die kinders toon meetbare effekte van wanvoeding.**

Benewens die dringende uitdaging rondom voedselproduksie wat ons in die gesig staar, hoef ek julle nie daaraan te herinner dat ons besig is om na die 4de Industriële Revolusie oor te gaan nie, en dat ons as 'n nasie vooruit moet beweeg en beter geleenthede vir ons mense moet skep. Ons kinders en hul kognitiewe vermoë speel 'n sleutelrol in die toekoms van Suid-Afrika. Hoe kan ons sonder hoëgehalte voedsame kos, 'n intellektuele sterk arbeidsmag verseker sodat die land in die toekoms ekonomies kan oorleef?

Navorsing toon dat indien ondervoede kinders se kos met proteïene aangevul word, hulle kognitiewe vordering by verre verbeter vergeleke met die aanvulling met koolhidrate en/of vet. Dit is dus wat ons moet doen: meer proteïene lewer.

Afrivet, met sy stewige agtergrond in primêre dieregesondheidsorg (PAHC), en die Oos-Kaapse provinsiale departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming (DRDAR), het begin met 'n veeverbeteringsprojek wat gesentreer is rondom die 66 gemeenskaplike diptenks in die Engcobo-distrik in die Oos-Kaap (lees meer oor die projek langsaan).

Die projekte sal bydra tot die verhoging van veeproduksie, skepping van behoorlike, volhoubare werksgeleenthede, en die verbetering van die maatskaplike welsyn van landelike gemeenskappe in Suid-Afrika.

Ons doelwit is om hierdie projek mettertyd uit te brei om voedselsekerheid en gemeenskapswelsyn regoor Afrika te verbeter deur die toepassing van One Health-beginsels deur openbare en privaat vennootskappe.

Peter Oberem

Die munisipale dieregesondheidswerkers help die kleinboere van die Engcobo gemeenskap om hul diere te dip by die Engxogi diptenk.

Kleinskaalse boerdery

Die antwoord op wêreldwye voedselsekerheid

Dertig miljoen Suid-Afrikaners loop gereeld die risiko om honger te ly. Hierdie skrikwekkende werklikheid kan verander word deur die duisende kleinboere in ons land toe te rus om hul vee optimaal te benut.

Kleinskaalse gemeenskaplike boere kan en behoort die hoeksteen van voedselsekerheid op die Suid-Afrikaanse platteland te wees. Met dit in gedagte, het Afrivet 'n vennootskap aangegaan met die Oos-Kaapse provinsiale departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming (DRDAR), Onderstepoort Biological Products (OBP) en Engcobo se diptenk- uitvoerende komitee om 'n vee-ontwikkelingsprogram te implementeer wat gemik is op die onbenutte hulpbron, naamlik gemeenskaplike vee. Die beste aspek van die program is dat dit bestaande infrastruktuur – die provinsie se gemeenskaplike diptenks – gebruik om boere toegang te gee tot die produkte en dienste wat hulle benodig om hul veepraktyke te verbeter.

"Dit is een van die eerste waarlike vrywillige openbare-private vennootskappe op die gebied van landbou in die land," sê die agbare LUR, me. Nomakhosazana Meth van DRDAR. "Die voordele is egter nie net beperk tot beter diereproduksie nie; dit sluit in die skepping van werklike, behoorlike, volhoubare werksgeleenthede en meetbare ekonomiese en sosiale vooruitgang vir die gemeenskap wat direk by die beplanning van die projek betrokke was. Daar is ook One Health-voordele wat sal toeneem, insluitend die vermindering van siektes soos tuberkulose, brusellose, hondsdolheid en neurosistiserkose (epilepsie van parasitiese oorsprong)."

Die Engcobo Emthonjeni-diptenkbestuursprojek volg 'n veeartsenykundige uitbreidingsbenadering en is volledig in lyn met die DRDAR se program vir munisipale dieregesondheidswerkers. Deur die projek sal Afrivet vir 15 werklose munisipale dieregesondheidswerkers toerus met kennis en vaardigheid in dieregesondheid asook toegang gee tot produkte, insluitend entstowwe van OBP, en tegniese ondersteuningsdienste deur gereelde interaksies. Die munisipale dieregesondheidswerkers sal by die gemeenskaplike diptenks werk en op hul beurt die boere onderrig en advies gee oor produkte. Sodoende sal hulle 'n onskatbare rol speel in die ontsluiting van die potensiaal van die kleinveeboerderysektor in Suid-Afrika.

Tans kan kleinboere nie aan die voedselproduksiewaardeketting deelneem nie weens die algemene swak gesondheid en produksie van hul kuddes. Gemeenskaplike boere besit bykans 50% van die nasionale ekstensiewe kudde, maar dra slegs 10% by tot Suid-Afrika se vleisproduksie en kommersiële boere is verantwoordelik vir 90%. 'n Groot deel van die probleem is dat kleinboere sukkel om toegang te kry tot die regte produkte op die

Vervolg op bl2

Kleinskaalse boerdery: die antwoord op wêreldwye voedselsekerheid

Vervolg van bl 1

regte tyd, tesame met die nodige tegniese ondersteuning, om siektes en parasiete in hul diere doeltreffend te voorkom en te behandel.

"Hoewel daar verskeie inisiatiewe in die provinsie is wat kommersiële veeboere ondersteun, word gemeenskaplike boere grotendeels van kommersiële geleenthede uitgesluit," sê Dr. Peter Oberem, uitvoerende hoof van Afrivet. "Toegang tot veemiddels sonder die nodige vaardighede is gevaarlik, terwyl vaardighede sonder maklike toegang tot veemiddels nutteloos is. Deur die Engcobo Emthonjeni-diptenkbestuursprojek wil ons hierdie gaping tussen vaardighede en veemiddels oorbrug."

"Die munisipale dieregesondheidswerkers by die gemeenskaplike diptenks is die sleutel," sê Matthew Carter, besturende direkteur van Afrivet Training Services. "Kleinskaalse boere neem hul diere gereeld na hierdie diptenks, wat 'n ideale geleentheid vir die munisipale dieregesondheidswerkers is om met hulle te gesels. Deur weeklikse interaksies sal die munisipale dieregesondheidswerkers toegang tot die produkte en dienste vergemaklik en veeverkope koördineer. Ook belangrik is dat die munisipale dieregesondheidswerkers daaglikse waarnemings kan doen terwyl die diere gedip word en verdagte simptome amptelik by die staatsveearts en/of dieregesondheidstegnikus in die omgewing kan aanmeld om op te volg en daarvolgens op te tree."

Tyd is die kritieke faktor in die bestuur van siektes. Boere kan so min as 24 uur hê om doeltreffende stappe te doen sodra 'n dier tekens van siekte toestand toon. Daarna kan daar nie veel gedoen word om die dier te red nie. "Die munisipale dieregesondheidswerkers is nie bevoeg om 'n diagnose te maak nie, maar deur kommunikasie tussen die boer, Afrivet se veeartse via ons inbelsentrum en/of toeps, en die staatsveearts en/of dieregesondheidstegnikus te vergemaklik, kan daar onmiddellik opgetree word sodra 'n simptoom geïdentifiseer is, wat die gevolge van en sterftes weens siektes sal verminder," sê Matthew.

In die Engcobo-omgewing in die Oos-Kaap is 50 000 beeste, 450 000 skape en 25 000 bokke. Dit verteenwoordig 'n batebasis van

ongeveer R1 miljard vir die geraamde 6 000 vee-eienaars wat die 66 gemeenskaplike diptenks gebruik. "Die hoofdoel van die projek is om die kommersiële waarde van hierdie kuddes te ontsluit deur kleinveeboerderye se veeproduksiepraktyke te verbeter," sê Matthew.

"Ons vooruitskattings toon dat die Engcobo-streek binne drie jaar digby R30 miljoen kan verdien deur verbetering van veeverkope en produksie," sê Vuyokazi Makapela, direkteur van Afrivet. "Soos wat boere die beste praktyke vir bestuur begin toepas, sal die vraag na hul produkte toeneem en sal dit bydra tot voedselproduksie, asook die welstand van gemeenskappe in Suid-Afrika, sodat hulle nie bloot net-net 'n bestaan maak nie, maar kan floreer."

Die diptenkprojek word in die Engcobo-distrik van stapel gestuur, maar die doel is om dit uit te brei en in ander gebiede in die Oos-Kaap en die land ook te implementeer. Na verwagting sal die projek bydra tot die bereiking van die doelstellings van die Oos-Kaap se strategie vir ekonomiese transformasie deur landbou (AETS), terwyl geleenthede vir koöperasies geïdentifiseer kan word om hul eienaarskap van die veewaardeketting uit te brei, aan albei kante van primêre produksie.

Die fasiliteerders en 15 munisipale dieregesondheidswerkers wat toegerus sal word met kennis oor dieregesondheid wat hulle aan die kleinboere sal oordra.

Vennote wat gehalte na die tafel bring

Afrivet is trots daarop om Vetoquinol, een van die top-tien wêreldwye veeartsenykundige farmaseutiese maatskappye, as ons vennote te hê.

Die 12 jaar lange verhouding het baie suksesvolle produkte na Afrivet se verwante diere- en etiese sake-eenheid gebring. "Die gehalte en uniekheid van elke produk onderskei Vetoquinol van ander maatskappye," sê dr. Elizna Boag.

Tolfedine, Marbocyl, Zylkene en Cothivet is slegs enkele van die produkte, die eerste van hul soort ter wêreld, wat Vetoquinol deur Afrivet as verspreider na die Suid-Afrikaanse mark gebring het.

Wat maak hierdie produkte uniek?

- Zylkeen bevat 'n natuurlike produk, afkomstig van kaseïen, 'n proteïen in melk. Dit is 'n molekule wat bekend is daarvoor dat dit pasgeborenes ná voeding help ontspan.
- Cothivet is 'n antiseptiese middel wat wonde help heg en is geskik vir die behandeling van wonde van enige oorsprong, aard, omvang en plek op honde en katte.
- Die produkte bied oplossings vir bakteriële infeksies, pyn en ontsteking vir die meeste spesies in die geskeduleerde medikasieveld en bied tans een antibiotikum en een niesteroïdale anti-inflammatoriese middel.

Vetorapid is 'n unieke diagnostiese hulpmiddel om die oorsaak van mastitis by melkkoeie akkuraat te diagnoseer.

"Ons sien uit na die vele meer suksesvolle en unieke produkte wat Vetoquinol vir die dieregesondheidsbedryf sal bring," sê Dr. Peter Oberem, uitvoerende hoof van Afrivet.

As jy meer oor hierdie produkte wil uitvind, kontak Dr. Elizna Boag:
Sel: 082 823 7245
E-pos: elizna.boag@afrivet.co.za

vetoquinol
ACHIEVE MORE TOGETHER

Van links, Dr Johan van Rensburg (Afrivet), Serguo Martins (Vetoquinol), Karen Marle (Afrivet) en Tony Willis (Afrivet).

Jou plaas kan vliegvry wees

Vlieë irriteer nie net mense en diere nie. Op 'n plaas veroorsaak hulle finansiële verliese en is die draers van verskillende parasiete en siektes wat mense sowel as vee aantas.

Het jy geweet dat een vlieg 18 sent se verlore produksie per dag (R65,50 per jaar) in 'n kalf kan veroorsaak? Dit is 'n skokkende syfer, maar die werklikheid. Vlieë kan 'n vernietigende uitwerking op jou geldsake hê.



Met hoogsomer in Suid-Afrika is vlieë oral op hoender- en pluimveeplase, perdestalle – en jou etenstafel.

As onmiddellike en toepaslike stappe nie gedoen word nie, kan siektes insluitend E. coli op plase uitbreek.

Die meeste boere tref slegs maatreëls om volwasse vlieë op hul diere dood te maak, wat nie genoeg is nie. Die vlieg se hele lewensiklus moet geteiken word om uitbrekings te voorkom.

Met Afrivet se vliegreeks wat onlangs bekend gestel is, kan plase feitlik vliegvrye sones wees. **As Eradifly Granular en Flybuster tesame met behandelings op die diere self gebruik word, ontwrig dit die lewensiklus in die omgewing doeltreffend deur te voorkom dat eiers in larwes, en larwes in volwassene vlieë ontwikkel.**

Jan Lourens, 'n hoenderboer van Ventersdorp, het onlangs twee Flybuster-emmers gekoop om die produk te toets. Hy het die Vrydag die emmers ongeveer 15 m van sy hoenderhokke af neergesit; teen Maandag was die emmers reeds vol dooie vlieë. "Flybuster is fantasties," sê Jan. "Ek het dadelik aansienlik minder vlieë naby die hoenderhok gesien."

Jan was só beïndruk met die resultate dat hy nog 12 emmers vir sy plaas en huis gekoop het. "Ek sal alle boere aanraai om Flybuster te gebruik. Dit help met die beheer van higiëne en die bestuur van siektes."

HET JY GEWEET?

Die gewone wyfiehuisvlieg kan 75 tot 150 eiers op 'n slag lê. Gedurende haar leeftyd kan sy vyf of ses keer eiers lê, wat begin 12 dae nadat sy ten volle volwasse is. Eiers neem agt tot 20 uur om uit te broei.

Begin jou geïntegreerde vliegbeheerprogram vandag!

Kontak Dr. Hanre Bredenkamp vir meer inligting oor hierdie produkte:
Sel: 083 695 6246
E-pos: hanre.bredenkamp@afrivet.co.za

ERADIFLY GRANULAR:

- **Verhoed dat larwes in volwasse vlieë ontwikkel.**
- **Word droog gestrooi. Die beste resultate kan in nat grond verwag word, met genoeg diere aanwesig om die korrels in die grond in te trap.**
- **Dien slegs toe op vliegteelplekke. Dit maak nie volwasse vlieë dood nie, en is dus nie bedoel vir toediening op vliegrusplekke nie.**

FLYBUSTER:

- **Keer dat volwasse vlieë eiers lê.**
- **Aaslokval. Dit is 'n ideale oplossing om verskillende vliegspesies te vang. Dit word aanbeveel om 'n Flybuster-eenheid ongeveer 10-15 meter van die gebou of area af te plaas.**
- **Flybuster het 'n gisbasis en is dus veilig vir die omgewing en die mense wat dit hanteer. Die houer is ook maklik om te gebruik en kan hergebruik word.**

Opspoorbaarheid: Dit is tyd om op te tree

Wanneer die hoof uitvoerende beampte van 'n nasionale telersvereniging* plaaslike beeste vergelyk met "voertuie sonder nommerplate", is dit duidelik dat Suid-Afrika die agteros is wat naspeurbaarheid en identifikasiestelsels betref.

In Namibië, byvoorbeeld, is alle beeste, insluitend dié in gemeenskaplike gebiede, deel van 'n naspeurbaarheidstelsel. In Suid-Soedan is 150 000 diere toegerus met visuele merkers as deel van 'n loodsprojek vir naspeurbaarheid. Dit het gelei tot 'n 10%-toename in die waarde van hierdie diere en 'n 97%-afname in veediefstal. In Ethiopië het 600 000 beeste soortgelyke merkers gekry, wat hul waarde met tot 20% verhoog het.

Dit is 'n verleentheid en uiters kommerwekkend dat Suid-Afrika nie stelsels in plek het om kuddes in kommersiële of gemeenskaplike gebiede behoorlik na te speur nie.

In 'n poging om hierdie probleem op te los, het Afrivet 66 000 oormerkers, ter waarde van meer as R330 000, aan die Engcobo Emthonjeni-diptenkbestuursprojek geskenk. "Aangesien ons streef na die verhoging van diereproduksie ten opsigte van gehalte en hoeveelheid, kan ons nie die belangrikheid van identifisering en naspeurbaarheid vir volhoubare voedselproduksie ignoreer nie," sê Dr. Peter Oberem, uitvoerende hoof van Afrivet.

Afrivet het ook onlangs, in samewerking met RFID-kundiges en Datamars, 'n nuwe reeks EID- (elektroniese identifikasietoestel) en visuele merkers in sy AfriTag-merkerreekse vir beeste en skape bekend gestel.

Hierdie stel tegnologieë stel boere in staat om akkurate rekords te hou, elke dier te monitor en gemiddeldes en met-die-oog-beoordelings met betroubare data te vervang. Die etikette word deur die British Standards Institute getoets, insluitend toetse op 'n skuurwiel en kunsmatige veroudering om gebruik oor 'n aantal jaar na te boots.

Die AfriTag-reeks sluit geskikte merkers vir beeste, skape, bokke, groot en klein wild, varke en volstruise in.

Kontak Dr. Hanre Bredenkamp vir meer inligting oor AfriTags.
Sel: 083 695 6246
E-pos hanre.bredenkamp@afrivet.co.za

** Dr. Michael Bradfield, HUB van die Suid-Afrikaanse Wagyu-telersvereniging*

Tweestuk-merkers

- Liggewig.
- Intelligente ontwerp en buigsame materiaal verseker dat merkers nie kan vashaak, uittrek of afbreek nie.
- Vrydraaiende ontwerp verseker dat die merkers korrek hang vir beter leesbaarheid van voor en agter die dier se oor.
- Vinnig en maklik om aan te wend.
- Spesiaal gemaakte laserdrukwerk kan gedoen word.
- Beskikbaar in 8 kleure, verskillende groottes, kombinasies en verpakkingsopsies.

Elektroniese merkers

- Verbeterde rekordhouding van diere.
- Ligte gewig.
- Vinnige en maklike leesbaarheid.
- Die buigsaamheid van die agterste oorplaatjie keer dat dit vashaak.
- Unieke sluitstelsel vir uitstekende retensie.
- Vinnige, maklike en veilige aanwending.
- Peuterbestande en herbruikbare opsies is beskikbaar.
- FDX- (volledig-dupleks) en HDX- (half-dupleks) opsies beskikbaar.
- Beskikbaar in 2 groottes en verskillende verpakkingsopsies.
- Laserdrukwerk beskikbaar

VraAfriVET

V

Hoe belangrik is 'n akkurate diagnose as 'n dier siek is?

A

"Baie!" sê. Dr Elizna Boag. As 'n veearts 'n siekte akkuraat kan diagnoseer, kan spesifieke medikasie voorgeskryf word. Op sy beurt sal antimikrobiese weerstand dan weer verminder.

As 'n akkurate diagnose nie gedoen kan word nie, moet veeartse 'n breëspektrum-antibiotika toedien om moontlike oorsake te dek, en moet hulle soms die behandeling met ander produkte herhaal. In die verlede moes veeartse 'n siekte op grond van kliniese tekens diagnoseer. Vandag kan hulle die mees geskikte toets gebruik – steeds gegrond op kliniese tekens – om die regte behandeling meer akkuraat te kies.

'n Akkurate diagnose sal lei tot koste besparings asook sterker vertroue tussen die veearts en die kliënt, aangesien die regte medisyne voorgeskryf sal word wanneer diere tekens van siekte toon.

Produk beskikbaar by jou veearts, of kontak dr. Elizna Boag vir meer inligting:
E-pos: elizna.boag@afrivet.co.za
Sel: 082 823 7245